# "DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG
(Jaargang 23 - nr. 13)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."
Johannes 1:14

26 Maart 2023

## EREDIENS: dr. Petrus Venter

**Erediens – 9h30**
**(Bevestiging broeders ouderlinge)**

**LITURGIESE GEGEWENS**
**Skriflesing: 1 Konings 18: 19 – 46**
**Teks: 1 Konings 18: 30b – 32a**
**Sing- VOORAF SANG: Sb. 15-1 (56):1,2,4**
**TYDENS EREDIENS: Ps. 89:1; Ps.135:1,3; Ps. 98:1; Sb.18-7(45):1,4,8; Ps. 134:4**

### *OM DIE OU EN AFGEBREEKTE ALTAAR WEER TE HERSTEL ...*

***"Kom staan hier by my," en hulle het almal by hom gaan staan.Toe het hy die stukkende altaar van die Here weer reggemaak. 31 Hy het twaalf klippe gevat, net soveel as die stamme van die nageslag van Jakob vir wie die Here gesê het: "Jou naam sal Israel wees." 32 Met die klippe het hy die altaar van die Here reggemaak ...*** **(1983 Vert)**

***Kom nader na my. En die hele volk het nader gekom na hom; en hy het die altaar van die HERE herstel wat afgebreek was. 31 Daarop neem Elía twaalf klippe volgens die getal van die stamme van Jakob se kinders — tot wie die woord van die HERE gekom het om te sê: Israel sal jou naam wees — 32 en hy bou met die klippe 'n altaar in die Naam van die HERE.*** **(1933 '53 Vert)**

***"Kom nader na my toe!" Die hele volk het nader gestaan na hom toe. Hy herstel toe die altaar van die Here wat afgebreek was. 31 Elia het twaalf klippe geneem, in ooreenstemming met die getal van die stamme van die seuns van Jakob, vir wie die Here gesê het: "Israel sal jou naam wees." 32 Hy het met die klippe in die Naam van die Here 'n altaar gebou ...*** **(2020 Vert)**

**Vooraf sang: Sb. 15-1 (56): 1,2,4**
**Ontmoetingsdiens**
Votum
Lofsang: Ps. 89:1
**Geloofsbelydenis**
(Apostoliese Geloofsbelydenis)

**Verootmoediging en versoeningsdiens**
Wet
**Sing**:
Ps. 135: 1, 3

**Woorddiens**
**Gebed**
Sing:
Ps. 98:1
**Skriflesing:** 1 Konings 18: 19 – 46
**Teks: 1 Konings 18: 30b – 32a**
**Preek**
***OM DIE OU EN AFGEBREEKTE ALTAAR WEER TE HERSTEL ...***

**Sing**
**Sb. 18-7 (45): 1,4,8**
***Bevestiging ouderlinge (losmaking)***

Kollekte
Liefdesdiens kollekte – Dorkas (Susters)
By die deure – Ekumenisiteit Londen

**Slotsang**
**Sing-**
Ps. 134:4

**Wegstuurseën**

## KOLLEKTES

**Vandag: 26 Maart 2023**

In die banke: Dorkas (Susters)        By die deure: Ekumenisiteit Londen

**Sondag: 2 April 2023**

In die banke: DVB (Diakonie)        By die deure: Christelike onderwys

***U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...***

Snap here to pay

SnapScan

## WYK – DIENSBEURT

Sondag – 26 Maart 2023 Wyk 3
Ouderling: Br Rassie Erasmus
Diaken: Br Viljoen v/d Walt

## VERJAARSDAE

Vandag 26 Maart Petrus Venter
Maandag 27 Maart Sorica Thirion
Dinsdag 28 Maart Fransie Venter
Donderdag 30 Maart Miané Meyer
Maandag 3 April Liezle Pretorius
Donderdag 6 April Frank v/d Walt
Maandag 9 April HT Pretorius
Maandag 9 April Lourens Pretorius

Mag ons 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## LIEF EN LEED

Sr Marthie Geldenhuys het afgelope week oog-operasies moes ondergaan. Die operasie aan eerste oog het goed verloop. Die ander oog sou ook in die week gedoen word. Ons vertrou dat die operasies aan beide haar oë 'n groot sukses mag wees.
Ons gebede bly ook br Harm Schoeman. Daar is 'n moontlikheid dat hy die week na Kimberley kon skuif om met sy rehabilitasie program te begin. Ons is dankbaar om te hoor dat dit met hom baie beter begin gaan het.
Br Pieter du Plessis bly ook in ons gebede. Hy het een of ander infeksie in van die kussinkies tussen die rugwerwels. Dit veroorsaak baie pyn. Mag die Here ons broeder genade verleen om deur die seer geduldig op uitkoms te wag.
Sr Christine Venter gaan ook Dinsdag vir mediese ondersoek in Bloemfontein. Ons vertrou dat dit ook goed mag gaan en ondersoek vir haar ook tot seën mag wees.

## OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

| | |
|---|---|
| Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar | R642 335-00 |
| Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar | R20 880 |
| Totaal van dankoffers vir Feb. 2023 | R56 140 |
| Totaal van dankoffers vir Maart tot op hede | R20 880 |
| Kermis inkomste vir 2022 | R268 128- 64 |
| Gemiddelde dankoffer per besoekpunt vir 11 maande | R811 per besoekpunt |
| Werklike inkomste vorige finansiële jaar | R 1 229 127-71 |
| Werklike uitgawes vorige finansiële jaar | R 1 262 182-08 |
| Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode) | R950-00 |

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.
U kan dit aflaai by http://bit.ly/2D0uRqf

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by https://bit.ly/3j1e2xT

## ALGEMENE KERKNUUS

**GKSA NUUSBROKKIES**

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: http://bit.ly/2SxThy0

## KATEGESE

Daar is geen Laerskool kategese vandag nie. Ons begin DV weer op 16 April met die klas. Roosters is opgestel en kan van die webwerf afgelaai word. Die roosters is beskikbaar by http://bit.ly/2KhypYe

Ons Hoërskool -katkisante is afgelope week 'n nuwe YouTube opname gemaak en nuwe les is deurgegee. Die laaste les is beskikbaar by https://youtu.be/Ik0V0XoGQDI Al die lesmateriaal vir ons Hoërskool jeug is ook op ons webwerf beskikbaar. Die Geloofsleer boek waaruit hoofsaaklik gewerk word kan by https://bit.ly/3RdpJDz afgelaai word. Die volgende les sal DV weer op 12 April opgeneem word.

## BYBELSTUDIE - https://youtu.be/TPKsvWDgnCs

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by https://youtu.be/TPKsvWDgnCs

## HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem. Die afgelope sustersaamtrek wat op 11 Maart gehou was het groot hoeveelhede toilet en ander higiëniese produkte aan Ouetehuis kon skenk. Ons is dankbaar daarvoor. Daar het ook kontant-skenking vanaf diakonie van Gerf Kerk Kimberley vir HJV ingekom. Daarvoor is daar ook groot dankbaarheid.

## PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondae om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by http://www.pretoriafm.co.za .

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by http://bit.ly/2NuDyOX

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondae om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

**Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word.** Dit begin om 19h00 en staan bekend as 'n Aand-Ateljeediens.

## VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansieel tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwikkelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op op besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

## ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onsself daaroor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik....
U kan daarna gaan by http://bit.ly/2Q0Ccw1

## KERKRAADSAKE

**VERGADERINGS:**
Diakonievergadering – 21 Mei 2023
Kerkraadsvergadering- 21 Mei 2023
Dorkasvergadering- 21 Mei 2023

## KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg
E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za
Tel: 053 313 3710
Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant | Dr. Petrus Venter | 084 704 2348 | ds@gksa-postmasburg.co.za |
| Skriba | Oudl. Leendert Snyman | 083 286 8496 | leendert@webmail.co.za |
| Admin Beampte | Vakant | 084 704 234 8 | admin@gksa-postmasburg.co.za |
| Voorsitter: Diakonie | Diak. Johan Reinecke | 082 579 8572 | johanreinecke@yahoo.com |
| Koster | Br. Francois Marais | 076 612 2255 | |
| Kassier | Oudl. Lukas Potgieter | 079 695 0555 | lukaskathu@gmail.com |
| Sendeling | Dr. Victor d'Assonville | 0049 1755063249 | vicdas@rtsonline.de |

| ***Ons gemeente se webwerf en faceboek-blad is soos volg:*** |
|---|
| http://www.gkpostmasburg.weebly.com |
| http://bit.ly/2Ydk7wK |

## STASTISTIEKE VORIGE SONDAG

| | |
|---|---|
| Erediens bywoning 19/3 | **43** |
| Kollekte 19/3 (Diakonie) | **R1299-30** |
| Kollekte 19/3 (Deure) | **R642-40** |
| Kollekte Dorkas susters 26/2 | **R 2 884-30** |
| SnapScan en elektroniese bydraes diakonie | |

## GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

| Rekening | Rekeningnommer |
|---|---|
| Kerkkas | 2130-3400-35 |
| Diakonie | 2130-28-0008 |
| Dorkas-susters | 407-382-6782 |

Snap here to pay
SnapScan

***Daar het weer 'n goeie voorraad hout ingekom wat in die Teekamer aangekoop kan word*. R25-00 per sakkie.**
**Aankope van 20 of meer sakkies dan is prys R20-00 per sakkie ...**

**'n Silwerhamer breek 'n ysterdeur (Duitse spreekwoord).**
**Die juweel kan nie gepoleer word sonder wrywing nie; so ook nie die mens sonder beproewing nie (Chinese spreekwoord).**